Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 10 Kaapstad, 15 Augustus 1951 Prys 3d. Nr. 37

# So „Lewe" Britse Empire Met S.A. Ook As Orgaan

**Die Britse minister van finansies gaan binnekort 'n ekonomiese Empire-konferensie belê met die doel om die dominiums se samewerking te kry in die Britse stryd om sy buitelandse betalingsbalanse te laat klop. Die dominiums sal gevra word om hul invoer van Amerika oftewel die dollargebied op dieselfde skaal in te kort as wat Brittanje van plan is om te doen. Dit beteken dat hulle dan meer Britse goedere moet koop in plek van die Amerikaanse goedere wat hulle tans invoer.**

Die gedagte bestaan om die Empire-konferensie wat in September oor grondstowwe gehou sou word te omskep in 'n konferensie van ministers van ekonomiese sake.

Dit is opvallend dat hoe „losser" die formele staatkundige bande van die Empire gemaak word, hoe meer konferensies daar gehou word in Londen (dit is die „beslaglegging op die gees" waarvan dr. Malan in 1949 gepraat het). Tot so 'n mate is dit die geval dat ons eie regering wat in sy opposiedae so 'n groot afkeer gehad het van besoeke aan Londen deur Suid-Afrikaanse ministers dat 'n H.N.P.-kongres selfs besluit het dat 'n nasionale eerste minister nooit na Londen mag gaan nie, fluks besig is om 'n rekord vir besoeke aan Londen op te stel — indien die rekord nie reeds klaar opgestel is nie.

'n Lewende samewerking en vervlegting van belange is vir die instandhouding van die Empire veel meer waardevol as sigbare en formele bande wat net aanstoot gee. Dit skep die „lewende eenheid" of „organisme" wat die Britse Statebond in later jare geword het, en waarna ook dr. Malan in sy toespraak ná sy terugkeer uit Londen verwys het, toe hy gesê het:

**„Dit is dikwels gesê — ek dink my agbare vriend daar aan die anderkant van die huis (genl. Smuts) het dit dikwels in baie sterker woorde beklemtoon — dat die Britse Ryk nie 'n organisasie is nie — dit is 'n lewende organisme. En die feit dat hy 'n lewende organisme is, het gemaak dat hy kon lewe en bly lewe in die verlede." (HANSARD No. 15, 1945.)**

# Britse Generaal Weerspreek Hof Se Bevinding

**Die Britse generaal, veldmaarskalk burggraaf Alexander, wat teen die Duitse generaal, veldmaarskalk Kesselring in Italië geveg het, het in 'n brief in 'n Duitse koerant, Stern, verklaar dat hy van geen rede weet waarom veldmaarskalk Kesselring deur 'n Geallieerde hof ter dood veroordeel is as 'n oorlogsmisdadiger nie. Kesselring het hom dwarsdeur die styd as 'n bekame en ridderlike teenstander gedra.**

Veldmaarskalk Alexander is tans goewerneur-generaal van Kanada, en tydens die oorlog het hy teen Kesselring in Noord-Afrika en Italië geveg. In sy brief verklaar hy onder meer:

**„Ek kan geen verklaring doen oor veldmaarskalk Kesselring se krygsverhoor, want ek weet nie al die feite nie, maar ek kan wel sê dat dit my verbaas het dat so 'n bekwame en gawe Duitse generaal, soos ek hom geken het, aan oorlogsmisdade skuldig bevind is.**

**„Ek het vir 'n aansienlike tydperk teen die veldmaarskalk geveg, sowel in Italië as in Noord-Afrika, en ek het nooit enigiets gehad om oor te kla ten opsigte van sy krygsoptrede nie.**

**„Hy was 'n baie bekwame teenstander en hy en sy troepe het volkome reguit en billik teen ons geveg."**

Die brief is op 26 Julie geskryf vanuit sy woning in Engeland. Veldmaarskalk Kesselring is in 1947 ter dood veroordeel as 'n „oorlogsmisdadiger," maar die vonnis is tot lewenslange tronkstraf verander. Hy is nog steeds in die tronk en 66 jaar oud.

# GRONDSLAG VIR TWEEDE BRAKPAN GELÊ

## *Dr. F. van Zyl Oor Gevolge Van Uitsluiting*

**Indien die diskriminasieklousule wat vervat is in die ooreenkoms tussen dr. Malan en mnr. Havenga in die nuwe party gehandhaaf gaan word, beteken dit die uitsluiting van almal wat aan die Ossewabrandwag behoort en diegene wat wel die party binnesluip ten spyte van die artikel sal bevind dat hulle nooit 'n kandidaat sal kan word in die nuwe party nie, het dr. F. D. du Toit van Zyl, Kaaplandse leier van die Ossewabrandwag, verklaar toe hy verlede Vrydag 'n groot gehoor op Wellington toegespreek het.**

**Dr. Van Zyl het gesê dat die Ossewabrandwag sy posisie in die lig van hierdie omstandighede sal oorweeg wanneer die uitvoerende raad van die Grootraad eerskomende Saterdag op Potchefstroom byeenkom. Hy sal die besluit nie vooruit loop nie, maar dit spreek vanself dat indien dit vir O.B.-lede nie moontlik gemaak word om hul republikeinse stryd binne die partyverband te stry nie, hul die stryd langs ander weë sal moet voer.**

Dr. Van Zyl het verwys na die Ossewabrandwag se strewe na volkseenheid — om bymekaar te bring wat bymekaar hoort. Groter eenheid ook op partypolitieke gebied het hy gevolglik nog altyd verwelkom, en daarom is die pogings van die leiers van die H.N.P. en A.P. met genoegdoening waargeneem. Die jongste stap in die rigting was die vergadering van die A.P. se hoofbestuur, wat net **moes besluit of die gesamentlike verklaring van die twee partyleiers genoegsame grond gee om 'n kongres te belê om die vraagstuk van eenwording te bespreek. Daar is geen besluit geneem oor die aanbevelings as sodanig nie.**

Daar is sekere beginsels deur die twee leiers neergelê as grondslag vir eenwording. Afgesien van die onderskrywing van die program van beginsels is die belangrikste punt vir die O.B. in verband daarmee die bepaling dat indien jy lid van die nuwe party wil word, jy 'n onderneming moet gee dat jy nie lid is van 'n ander politieke party of 'n organisasie met 'n politieke strekking nie. Geen organisasie se naam is genoem nie.

Daar is verskillende stadiums in die wordingsproses van die nuwe party. Aanvanklik word 'n massa-aansluiting toegelaat deurdat almal wat na 'n maand vanaf die stigting van die party nie beswaar maak om die reeds genoemde onderneming te gee nie, outomaties beskou sal word as lede. Hulle hoef nie 'n eed af te lê of 'n dokument te onderteken nie, **maar word wel veronderstel hulle stilswygend te vereenselwig met die punte waaroor daar ooreengekom is, o.a. dat hulle nie lid van 'n organisasie met 'n politieke strekking is nie.** Dit word bloot aan hul eie gewete oorgelaat om daardie stilswygende versekering te gee. Indien hulle beswaar maak, word hul name van die lys geskrap.

### UITGESLUIT

Die O.B. het 'n duidelike politieke strekking soos ook sommige ander volksorganisasies wat op een of ander wyse ons volksbelange wil bevorder. Hier word nou 'n reël neergelê wat lede van die O.B. uitsluit, maar terselfdertyd word oogluikend toegelaat dat diegene wat reeds lid van die A.P. is opgeneem word in die nuwe party mits hul die gewete hulle dit toelaat.

Alle lede van die H.N.P. sal outomaties lid word, maar wat die A.P. betref, sal net diegene wat nie lid van die O.B. is nie sonder ongerymdheid lid kan word. Wat die O.B.-lede betref, sal daar diegene wees wat ook maar in die bondel sal wil lid word, aangesien daar oënskynlik geen navraag na hul O.B.-lidmaatskap gedoen sal word nie. Maar daar sal baie ander wees wat dit nie met hul gewete sal kan rym nie. **Dit beteken dat daar al dadelik 'n groot aantal van die mees nasionale en republikeinsgesindes hulself buite die nuwe party gaan hou — mense wat onder normale omstandighede sou ingegaan het.** Sommige sal miskien nie gewetensbeswaar hê om aan te sluit nie. Andere mag moontlik aansluit, bloot omdat hulle politieke aspirasies het.



DR. F. DU T. VAN ZYL

### ONTNUGTERING

**Maar watter onplesierige ontnugtering wag vir hierdie laasgenoemdes wat maar aansluit terwyl „die party oë toemaak!" Môre-oormôre word hulle miskien navore gestoot as kandidaat. Dan moet hierdie aspirant-kandidaat 'n verklaring onderteken dat hy nie lid van 'n ander politieke organisasie is nie. Dan tree die partydissipline in werking, want die party gaan nie oogluikend toelaat dat mense wat hy uitdruklik diskwalifiseer vir lidmaatskap binne in sy koukus gaan sit nie. So 'n aspirant-kandidaat sal dan òf die O.B. moet bedank òf sy kandidaatskap laat vaar. Op hierdie wyse kry ons dan 'n tweede Brakpan. Diegene wat ingesluip het, sal geveto word as kandidate.**

Maar nou het die leier van die A.P. die absolute versekering gegee dat daar nie weer 'n tweede Brakpan sal wees nie. **„Ek hoop dit sal vir mnr. Havenga moontlik gemaak word om sy versekering uit te voer."**

### O.B. SE HOUDING

Maar laat ons vir 'n oomblik swartgallig wees en aanneem dat die posisie gehandhaaf gaan bly, dat daar ten spyte van alles tog gediskrimineer gaan word teen O.B.-lede. Wat gaan die Ossewabrandwag dan doen? Hierdie vraag kan spreker alleen namens homself afdoende beantwoord, aangesien die amptelike standpunt van die beweging eers aanstaande week neergelê sal word.

Spr. het lid geword van die Ossewabrandwag om twee redes, naamlik omdat hy in die diepte van sy hart geglo het dat ons bestemming as volk alleen in 'n republiek geleë is, los van Engeland. 'n Mens en so ook 'n volk kan homself nie wees tensy jy volstrek jou eie baas word nie. Liewer 'n klein baas as 'n groot kneg. In die tweede plaas het spr. 'n groot teësin in die verdelende uitwerking van die partypolitiek. **„Na twaalf jaar van O.B.-skap voel ek nog presies dieselfde en daarom sal ek ontuis voel in enige politieke party en is ek ook nie lid van 'n politieke party nie. Ek sal ook nie by die nuwe party aansluit nie. En soos ek die deursnee lid van die O.B. ken twyfel ek of daar baie is wat enige geesdrif gaan toon om op die voorgestelde basis by die nuwe party aan te sluit. Meeste van hulle sal verkies om hul Afrikanerpligte na die beste van hul vermoë buitekant die partyverband na te kom; en ek dink**

(Vervolg op bladsy 6, kolom 4)

## Britse ‚Pienk' Oorlogshoof Se Belangstelling

**Skoonheidskoninginne is belangriker as oorlogstuig, het Emmanuel Shinwell, Britse Pienk oorlogsminister, aan vakansiegangers gesê toe hy as beoordelaar op 'n skoonheidswedstryd opgetree het.**

Shinwell het gesê dat vriende hom na sy samesprekinge in die V.S.A. verlede week oor die standaardisasie van wapens hul gasvryheid aangebied het, maar dat hy hulle meegedeel het dat hy haastig is om by die huis te kom om 'n skoonheidswedstryd te beoordeel.

Hy het gesê dat die wedstryd baie belangriker is as die konferensie in Washington.

Klein gewere, oorlogstuig en alles in verband met oorlog sal tot 'n einde kom wanneer mense wys word en met mekaar saamwerk, het hy gesê.

DIE O.B., WOENSDAG, 15 AUGUSTUS 1951

# O.B.-LEDE EN 'N BYL

Die aanbevole klousule oor lidmaatskap vir die nuwe party wat deur dr. Malan en mnr. Havenga ooreengekom is, plaas O.B.-lede in 'n vernederende posisie. Laat ons dit maar heeltemal openhartig erken. Die bepaling lui dat „die ingeskrewe lede van die Herenigde Nasionale Party en die Afrikanerparty op die datum van eenwording **wat nie beswaar maak** om die volgende onderneming te onderskryf nie, word beskou as die ingeskrewe lede van die Nasionale Party: Ek, **die ondergetekende,** verklaar hiermee plegtig dat ek die beginsels van die Nasionale Party aanvaar . . . om my aan die gesag en tug van die party te onderwerp. Ek verklaar verder dat ek nie lid is van enige politieke party of organisasie met 'n politieke strekking nie."

Dit is woordeliks dieselfde klousule wat voorheen in die konstitusie van die H.N.P. verskyn het **en op grond waarvan dr. Malan in Junie 1945 alle lede van sy party wat nog lid van die Ossewabrandwag was, uitgeskop en in 1949 A.P.-kandidate wat lid van die O.B. was geveto het.** Toe hierdie artikel in 1941 vir die eerste maal opgeneem is in die party se konstitusie, was O.B.-lede nog toegelaat om lid van die party te bly. **Hulle is selfs vir vier jaar lank binne die party geduld, totdat dr. Malan besluit het dat hy genoeg van hulle gehad het. Toe het hy sonder veel proses hulle by die deur van sy party uitgeskop.**

Nou word presies dieselfde klousule in die nuwe party opgeneem en O.B.-lede „wat nie beswaar maak" om 'n „plegtige" onderneming te gee dat hulle nie lid van 'n organisasie met 'n politieke strekking is nie, sal weereens geduld word binne die party.

## UITERS VERNEDEREND

Die vernedering en gevaar hieraan verbonde vlieg 'n mens in die oog:

In die eerste plaas word die onus op die individuele O.B.-lid gewerp om „beswaar te maak" of nie beswaar te maak nie teen 'n plegtige verklaring dat hy geen lid van 'n politieke organisasie is nie. **Slegs O.B.-lede wat geen beswaar het om 'n valse „plegtige" verklaring te maak nie, sal binne die party toegelaat word. Let wel, 'n O.B.-lid moet 'n valse verklaring doen vir die voorreg om 'n volgeling van dr. Malan te word. Dit is 'n uiters vernederende eis wat gestel word.** Elke O.B.-lid wat nie eers die Ossewabrandwag bedank nie, **„mag" op grond van 'n valse verklaring lid word van die nuwe party!**

**Kan 'n mens jou iets meer vernederends in die politiek wat reeds gebrandmerk staan as vuil, voorstel?**

Maar dit is nog maar die begin van die smarte. Nadat hy toegang tot die nuwe party gekry het op grond van 'n valse verklaring, staan die lid onderhewig aan die partydissipline, waaraan hy by sy toetrede net so „plegtig" trou gesweer het as wat hy 'n versekering gegee het dat hy nie aan 'n ander organisasie met 'n politieke strekking behoort nie. **Die partyleiding kan dus op enige moment later besluit dat hy onder valse voorwendsels lid geword het en hom uitskop soos meeste O.B.-lede in 1945 uitgeskop is nadat sommige van hulle so pas nog groot bedrae vir die party se fondse gelewer het. Sy uitskopping hierdie keer sal veel meer oneervol wees as dié in 1945, want hy sal nog boonop gebrandmerk staan as iemand wat die party binnegesluip het op grond van 'n valse „plegtige verklaring."**

## BAIE DUIDELIK

Dat die partyleiding vroeër of later — klaarblyklik vroeër as later — wel teen dergelike O.B.-lede gaan optree, veral as dit kom by kandidaatskappe, kan al dadelik afgelei word van die twee hooforgane van die H.N.P. Die Transvaler verklaar in 'n hoofartikel dat elke Nasionalis „hartgrondig" die „eis" wat die leiers stel sal beaam, „naamlik heelhartige aanvaarding van die partybeginsels, onderwerping aan regtens uitgeoefende partytug, en onverdeelde trou, wat vanselfsprekend **lidmaatskap van enige ander politieke party of politieke organisasie uitsluit."** En dan volg hierdie betekenisvolle sin: „Die prosedure sal wees dat ingeskrewe lede van die bestaande partye wat geen beswaar daarteen het om 'n lidmaatskaponderneming in dier voege te onderskryf nie, as lede van die Nasionale Party aanvaar sal word."

**Die „vanselfsprekende" „eis" is dat niemand lid van 'n ander politieke organisasie sal wees nie. Waar staan O.B.-lede dan wat lynreg teen hierdie eis in „nie beswaar maak" om 'n valse verklaring te onderskryf nie, die oomblik wanneer die partyleiers besluit dat dit tyd is om hul eis te laat geld?**

Die Burger stel dit baie duidelik dat „geen groepe of organisasies binne die partyverband gewens is nie." **„DAAROM word ook aanbeveel dat elke lid van die Nasionale Party onder meer sal verklaar dat hy geen lid is van enige ander politieke organisasie nie."**

**In verdere redaksionele kommentaar onder die Dawie-rubriek spreek Die Burger uitdruklik verbasing uit oor die feit dat O.B.-lede op die A.P.-hoofbestuur hierdie klousule laat deurgaan het.** Hy sê dit is wesenlik dieselfde bepaling as wat tans in die H.N.P. geld. Maar ten spyte hiervan,

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

so gaan Die Burger voort, het heelparty O.B.-lede by die party aangesluit. **„Blykbaar beskou hulle die O.B. nie as 'n politieke organisasie nie, en ek glo die party maak ook maar oë toe."**

**MAAR WAT SAL GEBEUR DIE OOMBLIK AS DIE PARTY SY OË OOPMAAK?**

**Is dit nie uiters vernederend om lid van 'n party te word op grond van 'n valse verklaring en dan daarbinne geduld te word net solank as wat „die party oë toemaak" nie?**

## WAARDELOSE VERSEKERINGS

Die openhartigheid van die H.N.P.-organe kan waardeer word. **Hulle probeer ten minste nie om O.B.-lede tot hul vernedering te mislei nie.** Anders is die geval met die Afrikanerpartymondstuk wat die indruk probeer skep dat die diskriminasie van die H.N.P. in die nuwe party nie meer sal voortbestaan nie.

Van die kant van die A.P.-leiding is meermale in die verlede versekerings insake O.B.-lidmaatskap gegee, **maar hierdie versekerings het net gestaan totdat die eerste O.B.-lid as kandidaat van die A.P. benoem is. Dan het dr. Malan se diskriminasie-klousule soos 'n valbyl deur sowel die versekering as die nek van die kandidaat gesny.**

**Ná die ondervinding van Brakpan, Ventersdorp, Paarl en Mosselbaai sal geen O.B.-lid veel waarde wil heg aan beduiery dat dr. Malan nie bedoel om te diskrimineer wanneer hy met dieselfde byl waarmee hy O.B.-koppe in die verlede laat waai het, op die wakis van die nuwe party gaan sit nie.**

# Van Die Os Op Die Esel

Deur Sybrand

### *Diskriminasie-klousule Oorgeneem*

Dr. D. F. Malan, leier van die H.N.P., en mnr. N. C. Havenga, leier van die A.P., het nou eindelik in die openbaar 'n verklaring uitgereik waarin hulle bekend maak dat die nuwe politieke party wat hulle gaan stig, die laakbare diskriminasie-klousule van die H.N.P. teen O.B.-lede huid en haar gaan oorneem.

Lede van die Ossewabrandwag mag nie lid van die nuwe party word nie omdat hulle aan 'n „organisasie met 'n politieke strekking" behoort.

Maar mnr. Havenga het herhaaldelik op sy partykongresse beloof om nie die A.P. met dr. Malan se H.N.P. saam te smelt indien die diskriminasie nie opgehef word en al sy partylede ook lede van die nuwe party kan word nie.

Hoe moet mnr. Havenga se belofte van die verlede dan met die teenswoordige praktyk gerym word? Die antwoord is: Deur die onus op die O.B.-lede van die Afrikanerparty te gooi.

### *Politieke Slinksheid*

Indien 'n O.B.-lid bereid is om 'n valse verklaring te maak dat hy nie lid is van 'n organisasie met 'n politieke strekking nie, dan mag hy lid word van die nuwe party. Dr. Malan word daardeur tevrede gestel want as O.B.-lede dan weer in die toekoms politieke propaganda maak vir 'n republiek buitekant die Empire of vir die partylose staat, wat bots met die beleid van die nuwe party, dan kan hulle van troubreuk beskuldig word en eenvoudig vir die tweede keer uit die party geskop word.

Indien 'n O.B.-lid egter weier om 'n valse verklaring af te lê dan mag hy nie lid word van die nuwe party nie. Mnr. Havenga word daardeur tevrede gestel, want die O.B.-lid het hom mos dan self uitgesluit. Dis oënskynlik nie mnr. Havenga se skuld as O.B.-lede nie rekbare gewetes het nie.

Die manier waarop diskriminasie teen die O.B.-lede van die A.P. in die nuwe party ingevoer gaan word, mag baie oulik wees; en die manier waarop die onus op die O.B.-lede van die A.P. afgeskuif word, mag baie slim wees, maar is dit eerbaar?

Ek is ook 'n O.B.-lid wat lid van die A.P. is. En ek gee nou reeds by voorbaat kennis dat ek onder geen omstandighede bereid is om 'n valse verklaring af te lê, waardeur ek my O.B.-skap moet verloën nie. Ek haat politieke uitoorlêery en slinksheid. Ek verkies duisendmaal liewer om net 'n eerbare lid van die O.B. te wees, as om 'n eerlose lid van die nuwe party ook te word.

Ek vertrou dat alle O.B.-lede soos ek voel.

### *Vrymesselaars Bevoordeel Mekaar*

Mnr. P. C. Kruger van Blinkwater skryf, na aanleiding van my aanmerkings oor die vrymesselary, dat dit maar moeilik is om 'n ding te oordeel waarvan jy nie alles weet nie. Hy sê: „Daar is dikwels in 'n mens se privaatlewe dinge wat jy nie graag aan die wêreld wil uitblaker nie; daar is selfs 'n bevel gegee om in die binnekamer te gaan bid. In 'n kerkraad kom ook soms dinge voor wat nie gewens is om aan die gemeente bekend te maak nie; en in tyd van oorlog is dit ongetwyfeld dwaas om openhartig te wees sodat die vyand jou posisie van kant tot kant ken. So kan ons miskien tot in die oneindige dinge opnoem tot regverdiging van geheimhouding.

„Maar as ons die vrymesselary van naderby beskou dan lyk dit na iets van heeltemal 'n ander aard. Dit lyk meer na 'n boetie-boetie spelery. Vir die nie-vrymesselaar lyk dit asof vrymesselaars mekaar bevoordeel, selfs tot die nadeel van die nie-vrymesselaar. Wat sal gebeur as 'n nie-vrymesselaar in 'n hofsaak betrokke raak en die regter sowel as sy teenstander is albei vrymesselaars?

### *Britse Empire En Gelykstelling*

„Alle nasies word wel in die vrymesselary opgeneem, maar slegs in ondergeskikte hoedanigheid. In die allerhoogste posisies word net Jode toegelaat, m.a.w. daar word geen onbesnede toegelaat nie. Waarom is dit die geval?

„Die Engelsman is baie trots op die benaming Brit. Maar wie het sy huidige betekenis aan daardie woord gegee? Wie was die ontwerper van die Britse Empire? Was dit 'n Engelsman of 'n Jood? Was dit 'n nie-vrymesselaar of 'n vrymesselaar?

„Van ouds af het die hervormers die vrymesselaars beskou as die vyande van die Christendom. Daar moes tog 'n rede voor gewees het. En een van die redes waarvan ek weet is dat Christen, Mohammedaan, Boedis, Hindoe, Jood en Godloënaar almal daar welkom is. Is dit toevallig dat 'n mens hierdie selfde soort gelykstelling vind in die beleid wat die Britse Empire toepas?

### *In Hoeverre Is Ons Gevrywaar*

„Nou kom ek by die vraag: In hoeverre is ons volk en ons kerk gevrywaar van vrymesselary? 'n Tyd gelede het ek 'n afdruk in Die Volkstem gesien van die standbeeld van 'n kerkleier in Kaapstad — waar hy staan met sy uniform aan sowel as al sy gereedskap as vrymesselaar. Jan Brand se vader het in die Vrystaat met vrymesselary begin; dus kan ons aanneem dat Jan Brand ook 'n vrymesselaar was — daarby het hy die titel van sir van die Britse Empire gedra.

„Op 'n dag het ek aan iemand die reguit vraag gestel: Is jy nie 'n vrymesselaar nie? Nadat ek die vraag gestel het kon ek op die man se gesig sien dat hy inwendig geskrik het. Hy het sommer van my weggestap sonder om my vraag te beantwoord. Vandag is daardie man een van ons senators. Waarom was daardie man bang om op my reguit vraag 'n reguit antwoord te gee?

„En nou kom nog 'n vraag: Hoeveel van ons hoofamptenare, regters, advokate, dokters, prokureurs is vrymesselaars? Ek het selfs onderwysers ontmoet wat vrymesselaars is. Ook onder die gewone gemeentelede het ek vrymesselaars raakgeloop.

### *Die Protokolle*

„Ek wil by u lesers aanbeveel om die boekie te lees wat getitel is: Die Protokolle van die Geleerdes van Sion. Daarin sal elkeen die antwoord vind op die vraag wat 'n leser uit Johannesburg gestel het, nl. of die vrymesselary gewens of ongewens vir die Christendom is. (Indien u lesers nie in staat is om bogenoemde boek in die hande te kry nie, moet hulle probeer om wyle genl. Manie Maritz se boek: My Lewe en Strewe, te bekom. Maritz se boek sal hulle ook help om op die spoor te kom van die ongewensdheid van die vrymesselary vir die Christendom).

„By my is die vraag nie of die vrymesselary gewens of ongewens is nie. Nee. My vraag is: Watter plan het ons leiers, op staatkundige sowel as kerklike gebied, om ontslae te raak van die vrymesselary.

„'n Tyd gelede het 'n advokaat in Frankryk in die hof verklaar dat vrymesselaars die regspraak in die Franse howe ondermyn. Hoe kan hulle dit dan ondermyn? Klaarblyklik deur boetie-boetie spelery, en seker deurdat 'n vrymesselaarregter nooit 'n mede-vrymesselaar skuldig vind nie.

### *Die Draadtrekkers*

„As die vrymesselary, slegs van buite beskou, so lyk, dan wonder 'n mens hoe die vrymesselary van binnekant af lyk.

„Die vertaler van die Protokolle het 'n baie groot guns aan die Christendom bewys. Nou kan alle nasies die Geleerdes van Sion se program van aksie bestudeer. As elke Afrikaner daardie boek lees en in sy huis het sal ons nie so onkundig wees oor wat alles rondom ons aangaan nie. Ons sal dan weet wie die drade trek en wie agter alles sit. Ons sal ook agterkom dat die draadtrekkers self nooit op die voorgrond kom nie. Hulle maak gebruik van handlangers — selfs van Afrikaners om ons nasie te verongeluk. Self bly die draadtrekkers agter die skerms waar hulle nie bereik kan word nie.

„Lees maar die Protokolle en u sal op baie meer vrae antwoorde kry as wat u ooit verwag het."

(Vervolg op bladsy 5, kolom 4)

# ENGELAND BEVORDERAAR VAN KOMMUNISME

**Dreigend en skrikwekkend marsjeer Josef Stalin, medewerker van B. Manes Baruch, om die dekadente en leierlose Westerse wêreld die doodsteek te gee.**

**Op die parketvloer van die diplomasie sien ons die oorwig van die Bolsjewiste in realistiese en skelmagtige politiek teenoor die verkalkte en vervalle sogenaamde staatsmanne van die Westerse wêreld.**

**Bekende en onbekende deskundiges reis deur die wêreld en maak in vrede oorlog, en bevorder die kanse van Baruch-Stalin.**

**Vir die kenner van die politiek is dit dadelik opvallend hoe die staatsmanne en diplomate net soos die skaakfigure na die wenke van B. Manes Baruch spring.**

Die voortmars van bolsjewisme is in volle gang. In die lande waar die rooi vlag met die hamer en sekel nog nie tot staatsvlag verklaar is nie, veg Stalin se 5de kolonne en Baruch se 6de kolonne.

Een land wat geheel en al in die skoot van bolsjewisme lê, is Engeland. Nie alleen dat die 5de en 6de kolonne in die openbaar die hele land beïnvloed nie, maar die Engelse regering is bolsjeswisties georiënteer.

### UITBUITER

Dit was Engeland wat in die Europese politiek die intrigent en opstoker was, en wat wêreldpolitiek in die algemeen betref is Engeland op niks anders uit as om ander volke te beheers en uit te buit nie.

**Engeland nasionaliseer sy eie staal- en steenkoolnywerhede, maar as die Perse nie meer Engeland se slawe wil wees nie en hul olie-industrieë nasionaliseer, dan skreeu die Engelse „verraad!"**

Suid-Afrika wil deur sy Apartheid-politiek die ou kultuur van die inboorlinge weer herstel en bestendig maar Jode en Engelse skreeu: „Rasse-onderskeiding is nie christelik nie!"

**Die Engelse sê egter nie dat hulle die armste van die arme Wes-Afrikaanse inboorlinge op 'n skaamtelose manier uitbuit nie. 'n Engelse navorsingsberig meld dat die Wes-Afrikaanse inboorlinge 9 jaar lank net $\frac{1}{4}$ tot $\frac{1}{4}$ van die prys wat op die Wêreldmark betaal word, ontvang het.**

Van British-Israelite kan 'n mens natuurlik nie die regte antwoord kry oor die vraag wat is christelik nie. Die vraag kan ook gestel word of die verdwyning van 15 miljoen Duitsers dan miskien christelik was.

### SPANJE EN ATTLEE

Majoor Attlee, die kampvegter van kommunisme, het hom genoodsaak gevoel om die Amerikaanse regering te waarsku dat Spanje nie 'n lid moet word van die Atlantiese Verdedigingsbond nie. Ja, majoor Attlee was baie kwaad omdat Spanje nie die lot van Duitsland, en Franco die lot van Hitler gedeel het nie.

Attlee waarsku Amerika dat die moraal van die lede van die Atlantiese Verdedigingsbond sal ly as Spanje 'n lid van die bond word. Die enigste lede van die bond wat so 'n stap ergerlik vind, is sekerlik net majoor Attlee se party en die Franse kommuniste, maar die twee partye is nog lank nie die Atlantiese Verdedigingsbond nie.

### CHURCHILL EN BELGE

Maar net soos Attlee, het ook sy voorganger, Churchill, sy neus in elke saak gehad.

Ons onthou nog baie goed hoe Churchill die Belgiese koning verneder en beswadder het toe laasgenoemde sy soldate bevel gegee het om hul wapens neer te lê omdat die Engelse en Franse troepe op die vlug geslaan het en die Belge alleen moes veg.

**Deur Ski**

Nog in sy oorlogsherinneringsboek (wat hom meer ponde as eer besorg het) gee Churchill sulke skewe voorstellings dat selfs vooraanstaande Franse soos byvoorbeeld Reynauld, Weygang, Chaiitemps en andere Churchill van wanvoorstelling beskuldig het.

**Al die generaals van die Belgiese leër het gesamentlik 'n brief aan hom geskryf en hom gevra om die onware beskrywings van gebeurtenisse in die oorlog te herstel. Churchill het dit nie gedoen nie en die 68 Belgiese generaals het daarop die brief openbaar gemaak. Hulle sê dat Churchill se beskrywings onwaar is.**

### CHURCHILL EN POLE

Hoe baie Churchill vir die kommuniste was, bewys die Katyn- en Mikolajezyk-voorvalle.

Toe in die helfte van die jaar 1943 generaal Sikorski, die opperbevelhebber van die nasionale Poolse leër, by Churchill verskyn en hom vra watter planne Engeland beraam oor die moord van Katyn en hoe om dit op te los, antwoord Churchill: „Ek dink dit is die Duitsers wat die 10,000 Poolse offisiere gedood het."

**Toe generaal Sikorsik vir hom sê dat hy bewyse het dat dit die werk van die Russe is, antwoord Churchill: „Is u die man wat die Engelse politiek bepaal of is dit miskien ek?"**

**Churchill verbied die Poolse regering en Poolse generaals om oor Katyn te praat of te skryf. Maar hy gee aan die Engelse pers te kenne dat dit waarskynlik die Duitsers is wat die moordenaars was.**

Generaal Sikorski het baie inligting en bewyse uit Pole gekry en die bewyse het hom daarvan oortuig dat die Russe die moordenaars van die 10,000 jong Poolse offisiere was. Hy het dag en nag gewerk om wraak te neem vir die dooies en vir die smaad wat Churchill hom aangedoen het. Die Engelse en Russe het hom toe dop gehou.

**Die vliegtuig waarin generaal Sikorski gereis het, het afgestort en niemand is gered nie; ook was niemand in staat om 'n aanneemlike verklaring oor die gebeure te gee nie.**

### VERMOOR

Na die oorlog is daar ook nog 'n sekere dr. R. Martini, 'n Poolse prokureur, deur kommuniste vermoor oor sy verslag oor die Katyn-gebeure.

**Dit was algemeen bekend dat die Russe die moordenaars was, maar Churchill het nie daarvan gehou nie en die Duitsers is beskuldig.**

Toe in 1944 die minister Mikolajezyk, van die nasionale Poolse regering, met Churchill saam in Moskou met die Russe onderhandel, het die Russe 'n baie groot gebied met 12 miljoen Pole geëis. Mikolajezyk weier om dit te gee en hy verklaar dat hy as 'n enkele minister tog nie alleen oor 12 miljoen Pole kan besluit nie.

**Woedend spring Churchill op, stap op Mikolajezyk toe, steek met sy voorvinger voor Mikolajezyk se neus en dreig hom:**

**„As u nie wil toegee nie, is u die laaste minister; ek sal daarvoor sorg dat julle loopbaan stop gesit word."**

So het Churchill 12 miljoen bondgenote aan kommunisme geoffer en diegene wat teen die offering was, is met geweld bedreig.

### NOG STEEDS

Maar sy opvolger, die kommunistiesgesinde Clement Attlee, het Churchill ver oortref deur 15 miljoen Duitsers te laat verdryf.

Engeland hou vas aan die doel van die geheime Wêreld-regering om Duitsland te verpletter, die land 'n woestyn te maak en die mense te laat verhonger.

Die middele waaroor Engeland beskik ter verwesenliking van hierdie beleid, is die verdeling van Duitsland en die afbreek van fabrieke en hawens (wat vandag nog steeds voortgesit word). Laasgenoemde optrede het nog die verdere waarde dat as Duitsland tog deur historiese gebeurtenisse die eenheid weer terug kry, is Engeland van plan om Duitsland so ver moontlik na 'n ekonomies nulpunt te laat daal.

In die eerste plek is die verdeling van Duitsland die geskikste middel. Engeland wil die toestand so lank behou as moontlik.

**Hier lê die raakpunte van Engelse en Russiese strewe. Vir Rusland is alleen 'n volledig bolsjewistiese Duitsland waarde-**

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

vol. Vir Engeland is selfs 'n demokratiese Duitsland gevaarlik, daarom is verdeling van Duitsland vir almal die aangewese toestand.

Daarom wil Engeland en Rusland die oombliklike toestand as 'n duursame toestand behou. En daarom is Engeland die bevorderaar van Russiese politiek.

# WAARDE ERKEN VAN BUITEPARLEMENTÊRE ORGANISASIE

**Die dreigement van dr. Malan teen die Fakkelkommando voorverlede week is besonder betekenisvol. In sy toespraak op Brits het die Eerste Minister 'n kwaai aanval op die organisasie gemaak en hom onder meer daarvan beskuldig dat kommunistiesgesinde elemente van die voormalige Springbok Legion hul kop nou in die Fakkelkommando uitgesteek het. Die Regering hou 'n oog oor die beweging en sal optree as dit nodig word.**

Die toon wat die regering nou aanslaan is dieselfde as wat die vorige regering teen die Ossewabrandwag aangeslaan het. Die Empire-bewind het die Ossewabrandwag gevrees omdat dit **„voorsien het in 'n behoefte wat dr. Malan, soos hyself verklaar het, lank voor die stigting van die Ossewabrandwag al besef het. Dit was 'n faktor wat nuwe besieling gebring het in die politieke lewe van die volk.**

Dr. Malan wou egter nie die goeie trou van die beweging op die duur aanvaar nie en het dit probeer vernietig. **Nou het die Verenigde Party so 'n buiteparlementêre organisasie in die Fakkelkommando wat nuwe geesdrif en strydlus in opposisiegeledere gebring het.**

**Die feit dat dr. Malan hierdie organisasie in so 'n ernstige lig beskou dat hy dreig om teen hom op te tree sodra „die skilpad sy kop uitsteek," bewys slegs die waarde wat dr. Malan nog steeds heg aan so 'n buiteparlementêre organisasie, maar wat nou ongelukkig 'n wapen in die hand van die Verenigde Party is nadat dr. Malan sy wapen, wat hy in die Ossewabrandwag gehad het — en nog weer kan hê — weggegooi het en nou nog weer wegwerp deur sy diskriminasie wat hy wil oordra in die nuwe party.**

# OUDSTRYDER HERDENK WELDAAD NA 50 JAAR

**Mnr. H. C. Luitingh, Middelburg, Tvl., skryf: Dit was vir my 'n eer om gevra te word deur 'n oud-stryder, mnr. Bert Botha, om teenwoordig te wees by 'n huldebetoon en ter nagedagtenis van sy gesneuwelde neef, korporaal C. M. Botha op 9 Julie, presies 50 jaar na sy dood op 9 Julie 1901.**

**Mnr. Bert Botha of algemeen bekend as oom Bert, se vingers is op die dag afgeskiet deur die vyand en hy kon moeilik sonder hulp verder beweeg. Korporaal Botha het egter sy neef bygestaan en in 'n poging om hom te red, het hy sy lewe afgelê.**

Dié weldaad is al die jare so op prys gestel deur oom Bert dat hy oud-stryders in kennis gestel het om op dieselfde datum 50 jaar later, saam met hom hulde te bewys aan 'n dapper krygsman uit persoonlike dankbaarheid en erkenning. Dit was vir my so 'n mooi gebaar om elf oud-stryders met hul vroue om die graf te sien staan asook 'n paar vriende dat ek dit nie kan nalaat om dit aan ander deur middel van u blad bekend te maak nie. Dit is so jammer dat by so 'n geleentheid ons opkomende geslag nie meer verteenwoordig is nie om te mag gadeslaan hoe 'n groot indruk van dankbaarheid ons op ons volksgenoot maak wanneer ons weldade bewys deur ons plig te doen.

Mag die nagedagtenis van korporaal C. M. Botha en ander Afrikanerhelde uit die verlede ons aanspoor tot meer trou en pligsbesef en ons volk inspireer om die goeie voorbeeld te volg van die familie Botha deur dergelike welverdiende hulde te bewys by die ander graftes van families van dapper krygsmanne in die verlede.

Sulke graftes van afgelegde lewens roep die nageslagte toe: onthou! Om ook u plig te doen teenoor u volksgenote.

Die diens is gelei deur ds. Lubbe van Middelburg, Tvl.

Oud-stryders teenwoordig was P. R. Botha, C. J. Botha, Bert Botha, Casper de Lange, W. J. Erasmus, M. C. Erasmus, R. J. Grobler, D. C. van Eeden, Cornelis Botes, Bill Scheepers, Martinus van Rensburg.

# WIL NIE KRUISIES TREK VIR REPUBLIEK

**'n Voorstel dat die volgende algemene verkiesing oor die kwessie van 'n republiek geveg word, is verwerp op die kongres van die Nasionale Jeugbond van Transvaal, word uit Johannesburg berig.**

**Die Nasionale Jeugbond is die H.N.P.-organisasie vir jeugdige lede van die party.**

**Toe die Nasionale Party ná samesmelting in 1933 in Transvaal tot stand gekom het, was dit die jeugdige lede wat met die Vierkleur uit die kongres weggestap het omdat die hoofleiding van die party nie wou toestem dat die party 'n volbloed-republikeinse party moet wees nie.**

**Die feit dat dit die jeug is wat vandag uitstel vra oor die republikeinse ideaal, toon die agteruitgang aan wat ingetree het sedert die H.N.P. die republiek eers in die yskas en daarna binne-in die Empire-brandkas gaan toesluit het.**



**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks):** 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### IN MEMORIAM

MEEDING.—14 Augustus 1939 sal vir ons onvergeetlik bly, toe verhuis is na haar hemelse woning ons dierbare moeder en grootmoeder, Anna (geb. Krause)

Ons zal haar naam met eerbied noemen,
Als zij neerdaalt in het graf,
En Gods goedheid altijd roemen,
Die ons zulk een moeder gaf.

— Die verlangende kinders: Thomas, Johanna, en kleinkinders. Koffiefontein. 15/8/1B

### VERLOWING

NIEUWOUDT—LATEGAN.—Die verlowing word bekend gemaak van Ethel, dogter van mnr. en mev. J. R. Lategan, Welgeleë, Constantia, aan Johannes, oudste seun van mnr. en mev. A. B. Nieuwoudt, Jongensklip, Caledon. 15/8/1

### BENODIG

**Ongetroude of jonggetroude blanke plaasvoorman.** Moet sober, eerlik en hardwerkend wees, moet met volk kan werk en kennis hê van gemengde boerdery, saai, wingerd, melkery, ens. Goeie salaris volgens kwalifikasies en sal vermeld word by aansoek of persoonlike onderhoud. Persoon wat bang is vir hande-arbeid moet asseblief nie appliseer nie. Aansoek: **J. P. Dürr, Rondevlei, Malmesbury.** 8/8/2

**Onderwyseres** vir drie beginners volgens Goewerments-sillabus. Begin eerste kwartaal 1952. Salaris £30 per kwartaal. Vrye inwoning. Gerieflike huis op plaas. Meld kerkverband. Antwoord **J. F. van der Merwe,** Seramie, Posbus 15, Kaallaagte. 1/8/3B

### GRYSHARE

**GRYSHARE,** skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar en kopvel voedingsmiddel te gebruik, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. D/1/9/49

**Gryshare en baard** binne een maand tot natuurlike kleur herstel of geld terug, vry van kleurstof. Bevorder haregroei, verwyder skilfers. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** G14/6/50

### MEDISYNE

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis, oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel, skryf, inligting gratis, **Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. B/1/9/49

**Siektes en kwale verban!** Operasies vermy en gesondheid herstel. Waarom dan sal u langer ly? Skryf, meld besonderhede, raadpleeg **Die Boerevrou,** Bus 7559, Johannesburg. (Nr. 2) 1/9/49

### MEUBELS

**MEUBELS.—** Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stoot karretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel **—VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/1

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteits aannemers. Foon 9-8435

## O.B. JAARGANGE

**JAARGANG 1949—1950**

**Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk.**

**PRAGTIG INGEBIND**

***VOORRAAD BAIE BEPERK***

**BESTEL DUS DADELIK BY:**

## VOORSLAG (EDMS.) BPK.

**Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad**

# Teken in op DIE O.B.!

**Suid-Afrika is vandag 'n Koninkryk onder 'n Britse koning: DIE O.B. veg vir 'n Republiek onder 'n Afrikaanse President.**

**DIE O.B.**

- Verwerp die **Partystelsel** wat die volk verdeel en veg vir die **Partylose Eenheidstaat.**
- Verwerp verteenwoordiging deur **handlangers van politieke partye** en veg vir regering deur **vrye volksverteenwoordigers** en **deskundige beroepsverteenwoordigers.**
- Verwerp die **Kapitalisme** en veg vir **'n Afrikaner-volksekonomie.**
- Verwerp die politieke, maatskaplike en ekonomiese **integrasie** van die nie-blankes en veg vir **territoriale apartheid.**

DIE O.B. wil 'n vrye, eensgesinde, en welvarende S.A. bou.

DIE O.B. se ideaal is ook u ideaal. Help om dit te verwesenlik.

## Intekenvorm

***Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.***

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van*..................................

..............................*vir die eerste*..............................*maande.*

**NAAM**..................................................................

(Naam en Adres in Blokletters)

**POSADRES**............................................................

..............................................................................

..............................................................................

..............................................................................

*Handtekening.*

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.**

**Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.**

## *Ander Se Menings*

# Verkeerde Regeringstelsel Vir S.A. Ingevoer

**„Suid - Afrika het blykbaar bepaald 'n fout begaan deur sy regeringstelsel van 'n ander land af in te voer, en wat meer is, Suid-Afrikaners begin al meer te besef dat 'n parlement wat die grootste deel van sy tyd bestee aan rassegetwis niks meer as 'n parodie van doeltreffende bestuur kan voortbring nie," skryf 'n leser in die Cape Argus.**

Hy verwys na 'n ander briefskrywer wat die Britse eerste minister se stelling dat 'n grondwet nie van 'n ander land af ingevoer kan word nie, aangehaal en na die Suid-Afrika-wet verwys het as die werk van Suid-Afrikaners. Hy vervolg dan:

„Vir my lyk dit of Attlee nog verder kon gegaan het deur te verklaar dat die Britse parlementêre stelsel veral ongeskik is vir 'n land waar rasse-verdelings skerp omlyn en rasse-gevoelens baie sensitief is as gevolg van die vroeëre geskiedenis van die betrokke land.

**„Ons in Suid-Afrika het die Britse parlementêre stelsel ingevoer, en sy mislukking om aan te pas by ons toestande en vereistes word bewys deur die feit dat na 43 jaar die rasseverdeeldheid erger word in plaas van te verdwyn soos Smuts en Botha en so baie ander onder ons so vuriglik gehoop en verwag het toe die konsiliasiebeleid verkondig en dwarsdeur die land verwelkom is nadat Campbell Bannerman en sy Liberale Party selfbestuur aan die afgebrande en verslaande republieke gegee het.**

### MOET WEER PROBEER

„Dit lyk dat Suid-Afrika beslis 'n fout begaan het deur sy regeringstelsel van 'n ander land af in te voer . . . Die onnosele bitterheid wat daar tussen die twee vernaamste blanke elemente bestaan word in die parlement verwek en deur die kortsigtige en partydige pers uitgebuit en op die wyse aan die lewe gehou deur die lengte en breedte van ons land. Ons het blindelings 'n regeringstelsel ingevoer omdat dit skynbaar goed gewerk het in 'n ander land. Dit was 'n mislukking en ons moet weer probeer.

„Sommige mense is bang dat as ons van die Britse tradisie sover dit landsbestuur betref, wegbreek, dit noodlottig sal wees. Dit is 'n verkeerde standpunt, want trou en vriendskap kan nie met geld en hardkoppige aandrang gekoop word nie. Dit is wat die volk van Suid-Afrika in hul harte teenoor Brittanje voel wat ons houding in moeilike tye sal bepaal.

### MOET HERSTEL

„Dit is die Britte wat Suid-Afrika gevat het, en dit is vir die Britte om te gee. Dit is reguit taal, maar dit word gesê sonder 'n skaduwee van kwaai gevoel en slegs in die hoop dat dit Engelssprekende Suid-Afrikaners sal besiel met die ideaal om 'n verenigde Suid-Afrika op te bou waarin die woord Engels en Hollands vergete sal wees, en ons almal ons as gewone Suid-Afrikaners of South Africans sal beskou.

„Ek was nog altyd meer van 'n republikein as 'n nasionalis omdat ek nie van partypolitiek hou soos dit in Suid-Afrika gevoer word nie, **en ek glo dat 'n republiek wat in die lewe geroep word met die goedkeuring en hulp van Engelssprekende Suid - Afrikaners uiteindelik daardie dralende gevoel van veronregting wat die Afrikaner gevoelig hou, sal verwyder en ons land sal verenig in 'n hegte en magtige vriend van Brittanje en al die ander lande van die Weste wat ons opvattings van demokrasie, vryheid en regverdigheid deel.**

„Vir my lyk dit na 'n ramp dat twee volke met soveel gemeenskapliks in hul uitkyk en waarde, kunsmatig uitmekaar gehou moet word in onnosele vyandskap deur die toevallige feit dat hulle 'n verkeerde regeringstelsel ingevoer het."

# NOG 'N REKORD

Die rekord-houer vir die grootste aptyt is Louis Skalsky, 52-jarige van Weenen.

Hy het homself as die grootste eter uitgeroep nadat hy 180 rou eiers en vier pond gekapte perdevleis binne twee uur afgesluk het. Skalsky is as „die Oostenrykse Volstruis" bekend. Hy is 'n werktuigkundige en vragmotorbestuurder wat sy vrye tyd bestee deur groot maaltye te nuttig.

Verlede jaar het hy honderd hardgekookte eiers met dop en al by 'n enkele geleentheid opgeëet.

„Al wat ek weet, is dat ek nooit enige maagmoeilikheid het nie; dus gaan ek maar voort met eet," sê Skalsky.

# S.A. VLOOTBASIS SAL NOU VIR BRITTANJE VEILIG WEES

**Die posisie van die Britse vlootbasis by Simonstad is 'n kwessie wat selde in die openbaar genoem word, maar wat tog voortdurend in die gedagtes van 'n Suid-Afrikaanse Regering moet wees, skryf Die Burger in 'n hoofartikel met verwysing na die samesprekinge oor verdediging wat in die jongste tyd tussen Suid-Afrika en Brittanje gevoer word.**

„Britse beheer oor dié belangrike steunpunt op Suid-Afrikaanse bodem het 'n al hoe groter anomalie geword namate ons soewereine onafhanklikheid uitgebou is ook op militêre gebied," lui die artikel. „Die tyd skyn ryp te wees om 'n verandering te maak wat 'n hinderlike oorblyfsel uit die dae van Suid-Afrikaanse onderhorigheid sal verwyder.

„Toe die verdediging van Suid-Afrika tydens en ná die Eerste Wêreldoorlog deur Brittanje geheel aan die Suid-Afrikaanse staat oorgedra is, is Simonstad as 'n lewensbelangrike skakel in die Britse imperiale kommunikasies uitgehou. As 'n saak van ,eer en plig' het genl. Smuts in 1921 teenoor mnr. Churchill die landverdediging van die basis namens Suid-Afrika onderneem, en daardie ooreenkoms beheers nog altyd die posisie van Simonstad.

### NEUTRALITEIT HET VERVAL

„Tussen die twee wêreldoorloë het die vraagstuk veral aandag geniet vir sover dit die Unie se neutraliteitsreg in 'n oorlog waarin Brittanje gewikkel mag raak, sou beïnvloed. **'n Verpligting om Simonstad teen 'n Britse vyand te verdedig, was immers in beginsel nie versoenbaar met Suid-Afrika se vryheid om uit 'n Britse oorlog te bly nie.** Brittanje daarenteen was vanself nie gretig om 'n vername Britse basis aan Suid-Afrikaanse beheer oor te dra net om dan in oorlogstyd dalk te vind dat 'n neutrale Suid-Afrika die Britse vloot noodsaaklike geriewe ontsê nie."

**Die agtergrond van die vraagstuk het intussen aansienlik verander, word voorts in die hoofartikel gesê. Suid-Afrika het by monde van die regering sy verbondenheid met die Westerse wêreld ook t.o.v. verdediging ondubbelsinnig verklaar.**

### GEMEENSKAPLIKE GEBRUIK

Suid-Afrika het 'n eie vloot en hy het behoefte aan 'n eie geskikte vlootbasis **wat vanselfsprekend vir gemeenskaplike oogmerke ook tot beskikking van die vlootmagte van bondgenote sal wees.** Die aanvaarding van die beginsel van oordrag deur Brittanje sal veel daartoe bydra om in die militêre samesprekinge 'n gees van vertroue en samewerking te bevorder.

Solank Simonstad onder Britse beheer bly, sal die gevoel volhard dat Brittanje traag is om 'n posisie van soewereine gelykheid in sy betrekkinge met Suid-Afrika ten volle te erken. Veel beter sou dit wees dat hierdie anomalie vriendskaplik uitgeskakel word **in belang van die noodsaaklike samewerking wat sowel Suid-Afrika as Brittanje i.v.m. die verdediging van die Suidelike seeroetes begeer.**

### WAARDELOOS

(Dit is verblydend dat Die Burger die regering herinner aan die standpunt wat hy twaalf jaar gelede ten opsigte van die Britse vlootbasis ingeneem het. Daar is egter 'n belangrike feit waarop gewys moet word. **Tensy Suid-Afrika buitekant die Britse statebond staan sodat hy sonder oorwegings van koninklike of groepslojaliteit kan besluit wanneer en vir wie hy wil veg, is 'n eie Suid-Afrikaanse vloot en vlootbasis eerder 'n nadeel as 'n voordeel. Solank Suid-Afrika deel van die Britse statebond uitmaak en derhalwe deelneem aan Britse oorloë, is die Suid-Afrikaanse vloot 'n deel van die Britse vloot wat op koste van die Suid-Afrikaanse belastingbetaler in stand gehou word, en dieselfde geld vir Simonstad.**

**'n Eie vloot en eie vlootbasis kry alleen betekenis wanneer Suid-Afrika staatkundig en militêr 'n vrye republiek is in teenstelling met sy „uitgeboude soewereine onafhanklikheid" binne die Britse Empire.)**

# H.N.P.-BLAAIE GEE ANDER UITLEG AS DIE VADERLAND

**Uiteenlopende kommentaar oor die lidmaatskapseise wat dr. Malan en mnr. Havenga vir die nuwe Nasionale Party beoog, word deur Die Vaderland, mondstuk van die Afrikanerparty, en Die Transvaler en Die Burger, vernaamste organe van die H.N.P. gelewer. Die Vaderland verklaar in 'n hoofartikel onder meer:**

„Die leiers self het die pad vir elke Nasionaalgesinde maklik gemaak. Eers vra hulle almal om terug te keer na die Nasionale Party, 'n naam wat by elkeen die aangenaamste herinneringe sal wek. **In die tweede plek maak hulle lidmaatskap van hierdie party outomaties vir alle ingeskrewe lede van die twee verenigende partye. Daar is dus geen moontlikheid van 'n uitruikery nie.** En in die derde plek doen dr. Malan persoonlik 'n beroep vir die beskerming van die aansprake van die sittende L.V.'s uit die Afrikanerparty."

Die Transvaler verklaar:

**„UITGESLUIT"**

„'n Verband met die oorheersend belangrike kwessie van lidmaatskap laat die leiers 'n helder geluid hoor. Ons glo elke Nasionalis sal hartgrondig beaam wat die leiers as eise aan die toekomstige lid van die Nasionale Party stel, nl. heelhartige aanvaarding van die party - beginsels, onderwerping aan regtens uitgeoefende party-tug, en onverdeelde trou, **wat vanselfsprekend lidmaatskap van enige ander politieke party of politieke organisasie uitsluit.** Die prosedure sal wees dat ingeskrewe lede van die bestaande partye wat geen beswaar daarteen het om 'n lidmaatskap - onderneming in die voege te onderskryf nie, as lede van die Nasionale Party aanvaar sal word. **Om die belangrikheid en verantwoordelikheid van getroue lidmaatskap te beklemtoon, sal dit groot waarde hê indien daar positief geleentheid geskep word vir elke lid om hom opnuut aan die beginsels en ideale van sy party toe te wy deur die plegtige verklaring eiehandig te onderteken."**

**GEEN GROEPE**

Die Burger verklaar:

„Die party se bestuursliggame is volkome demokraties en bied die ruimste geleentheid vir die voordrag van alle sienswyses en beleidsrigtinge. **Geen groepe of organisasies binne die partyverband is gewens nie, omdat dit net kan lei tot onmin en verdeeldheid tussen Nasionaliste. Daarom word ook aanbeveel dat**

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

**elke lid van die Nasionale Party onder meer sal verklaar dat hy geen lid is van enige ander politieke organisasie nie.** Besondere standpunte in verband met beleid, programme en organisasie moet deur die ruime kanale van die party gestel word en nie deur die stigting of instandhouding van ‚pressiegroepe' nie."

# MNR. DE JONGH OORLEDE

Dit is met leedwese dat Die O.B. verneem het van die afsterwe van mnr. A. L. de Jongh van Robertson. Wyle mnr. De Jongh het jarelank 'n drukkersaak op Robertson besit en hy het sy merk gemaak as sakeman.

Maar dit is as pleitbesorger vir ekonomiese hervormings en as kampvegter vir die ontwikkeling van die platteland dat Die O.B. mnr. De Jongh sal onthou. Hy het die O.B. ondersteun, veral omdat hy in die ekonomiese beleid van die O.B. die heil van sy volk gesien het. Lesers van Die O.B. sal ongetwyfeld sy prikkelende bydraes in ons blad, onder sy eie en onder 'n skuilnaam, mis.

Ons medelye gaan uit na sy agterblywende eggenote en seskinders.

# RHODESIË EET UIT HAND VAN NATURELLE

**In Suid-Rhodesië word die bevolking hoofsaaklik deur die naturelle van voedsel voorsien, waarskynlik ook omdat die blanke boere hulle tot groot mate toelê op tabakboerdery.**

**In 1950 het die naturelle 98 persent van die grondboontjies, 98 persent van die fyn graan, 65 persent van die vleis, 55 persent van die koring en 53 persent van die mielies in die land geproduseer, volgens 'n verslag van die sekretaris van naturellesake.**

**Die naturelle is ook die belangrikste produsente van katoen en het verlede jaar meer as 4½ miljoen pond saadkatoen geproduseer, wat dubbel soveel is as die opbrengs van die blankes. Hulle is ook die vernaamste rysboere en het verlede jaar 6,000 sakke rys geproduseer. Hul katoenoes word vanjaar op 8½ miljoen pond geskat.**

---

**Aansporingslone is noodsaaklik** om doeltreffende werk in die motorbedryf te bevorder en herstelpryse binne perke te hou, volgens mnr. W. A. Huxtable, lid van die Vereniging van Werkgewers in die Motornywerheid. Ondervinding het getoon dat werktuigkundiges net belang het by 'n tasbare vorm van aansporing. Waar dit toegepas is, het swak en slordige werk tot 'n minimum gedaal, het hy gesê.

# Van die Os op die Esel

Vervolg van bladsy 2, kolom 5)

### *Is Die O.B. Ons Erns?*

Mev. J. Theron van Koffiefontein bring die vrae wat mnr. Johan Fischer by 'n vorige geleentheid gestel het, by elke individuele O.B.-lid tuis. Sy verklaar: In Die O.B. van 25 Julie lees ek van twee vrae wat mnr. Johan Fischer van Carolina stel en ek kan nie nalaat om 'n paar eie ondervindings te vertel nie, wat 'n bietjie mag bydra om inligting te gee. Hy vra: (1) Wat doen die O.B. vandag? en (2) Wat doen lede van die beweging?

„Die antwoord is voor die hand liggend as elke lid homof haarself afvra: Wat doen ek om die Ossewabrandwag te bevorder? Doen ek oral en altyd wat in my vermoë is om te toon dat ek waarlik ernstig veg vir die behoud vir wat ek as heilig en 'n Godgegewe reg beskou? Of is dit vir my 'n saak van roem of eer en is ek dan alleen wakker, ja ene vuur en vlam, as van my hoofoffisiere teenwoordig is, en terwyl die leiers van ander partye my nie sien nie, aangesien ek graag by hulle ook die beste voetjie wil voorhou? Is ons geheel en al oortuig dat die Ossewabrandwag die redding van ons as volk beteken? Of bied die O.B., volgens ons opinie, slegs 'n geleentheid om op een of ander tyd 'n bietjie opspraak te verwek en aandag (al is dit dan ook al van wie) te trek?

„As ons gereeld Die O.B. lees met aandag, sal ons besef, die erns waarmee die blad die stryd aanpak tot behoud van die tradisies van ons volk en ons gewig ingooi op enige gebied wat sal meehelp tot bevordering van ons ideale."

### *Mnr. Fischer Stel Nog 'n Vraag*

My leser, mnr. J. H. Fischer van Carolina, wie se eerste skrywe aan my soveel tonge losgemaak het, het weer van hom laat hoor. Hy stel weer 'n paar vrae en wel soos volg:

„Skakelbrief 1/51 het gekom soos 'n antwoord op my vorige brief aan u. U sal my nie kwalik neem as ek myself afvra: Welke doel dien dit om 'n leier te hê, en niks te doen nie? Dan is 'n leier mos nie nodig nie."

### *Wil Nie Belasting Op Verliese Betaal*

Voortgaande behandel mnr. Fischer die voorstelle van „Uil" van Stellenbosch insake belasting. Hy skryf:

„U leser Uil sal myns insiens op die volgende maniere moeilikheid kry met sy voorgestelde skema vir belasting.

„Kyk as 'n persoon, soos die posisie tans is, die een jaar 'n verlies ly met sy boerdery (of besigheid) is hy geregtig om dit van sy volgende jaar se wins af te trek en dan net op die verskil belasting te betaal. Dit is iets wat baie mense nie weet nie en wat somtyds baie handig te pas kom. Die verlies waarvan ek gepraat het, kon miskien soos volg by die boer ontstaan het. Hy het wel 'n redelike woltjekkie ontvang, maar die hael het al sy gesaaides weggeslaan, en daarby is 'n klomp van sy beste melkkoeie dood.

„Volgens vriend Uil se stelsel, word belasting op die wolgeld afgetrek sowel as belasting op die kunsmis wat gekoop word en op implemente en ander koste, terwyl daar in werklikheid geen wins is oor die boerdery as geheel nie. U sal saamstem dat hierdie arme boer maar sleg daarvan sal afkom.

„Dan is daar die ander geval. Die een boer is in 'n gebied wat gesonder is vir sy vee of oeste, hy het gevolglik minder koste. As 'n voorbeeld wil ek noem: Sommige plase in Standerton-distrik word vir ongeveer 50 jaar al bewerk, sonder dat dit nodig is om kunsmis te gooi, terwyl 'n paar myl vandaar in Morgenzon, ook in die mieliegebied, moet sommer baie kunsmis gebruik word. Die boer in Standerton betaal nou net belasting op sy produkte wat hy alreeds teen 'n lae koste produseer, terwyl die boer in Morgenzon op beide produkte en kunsmis belasting moet betaal. Dit sal dus 'n oneweredige verdeling van belasting ten gevolge hê.

### *Belasting Sal Ontduik Word*

„Dan verder, sal dit baie moeilik wees om toe te sien dat die seëlbelasting nie ontduik word nie. Op 'n klein dorpie ken die winkelier sy klante baie goed, en vertrou hulle dat hulle hom nie sal verkla nie. Dit is ook in die klant se voordeel as die seëlbelasting ontduik kan word, dan koop hy die artikel vir minder as vooreen.

„Ek voel egter saam met Uil ontevrede met die huidige belastingstelsel. Daar is gevalle waar 'n persoon jaar na jaar 'n verlies in sy opgawe aantoon, terwyl hy gedurig nog grond aankoop. As daar tot 'n nuwe stelsel oorgegaan word moet gesorg word dat dit 'n meer eweredige verdeling van belasting sal meebring anders is daar geen punt in om 'n verandering teweeg te bring nie."

---

**'n Franse parlementslid wat deur sy kiesers in die Ivoorkus, Wes-Afrika, na vermoed word, opgeëet is, se setel is nog vakant. Amptenare ondervind moeilikheid om 'n opvolger vir hom te kry.**

---

**Kommunistiese parlementslede** in Italië het verlede week weer in die parlement handgemeen geraak met regeringslede. Hulle moes deur amptenare uitmekaar gemaak word.

# CHURCHILL-HUL SE PRESENT AAN STALIN LAAT HARE NOU RYS

**In 'n beskouing oor die Amerikaanse ondersese krag verskaf die weekblad Time betekenisvolle gegewens. Dit openbaar tot watter mate die Westerse bondgenote hul eie kele deur „premier" Stalin laat afsny het by Jalta waar die Duitse boedel so verdeel is dat Rusland met die allernuutste Duitse duikbootplanne in die skoot bly sit het.**

Die Amerikaanse duikbote was tydens die oorlog met minderwaardige toerusting voorsien, verklaar die blad. Dikwels het torpedo's nie ontplof nie, baie het te diep getrek, terwyl die bote se wande so dun was dat hulle nooit dieper as 300 voet kon duik nie. Hulle kon ook nie vinniger as twee tot drie knope onder water vaar nie.

„Die Duitsers, so het die vloot na die oorlog ontdek, het veel beter gedoen sover dit duikbootontwerpe betref. **Na V.E.-dag het die Verenigde State twee besmeerde, huiweringswekkende Nazi-XXI-duikbote gekry wat die Amerikaanse buikbote so verouderd laat lyk het soos die eerste staalsigaar wat John P. Holland in 1900 aan die vloot gelewer het.** Gelukkig het net 'n paar van hierdie Nazi-duikbote in diens gekom. Met Amerikaanse beamptes aan boord het die XXI's 'n snelheid van 16 knope onder water behaal. Hulle het snorkel-pype gehad en langafstand-torpedo's wat kon terugkeer en volgens 'n patroon beweeg. Hul periskope en klank-padwyserinstrumente was ver meerderwaardiger as enigiets wat die V.S.A. gehad het."

**RUSSE KRY ALLES**

Die V.S.A. het „veels te stadig" die nuwe uitvindings op sy eie duikbote aangebring, waaronder sekere afweerwapens wat dit haas onmoontlik vir 'n oppervlakte-skip maak om 'n duikboot te kelder, sodat dit in die toekoms waarskynlik net 'n duikboot sal neem om 'n duikboot te vernietig.

**„Ongelukkig het die Russe ook die Duitse XXI na die oorlog in die hande gekry — nie net twee nie, maar 'n vloot van meer as 25 van hulle en onderdele vir baie meer. Wat nog erger is, hulle het beslag gelê op 'n nog skrikwekkender duikboot waaraan die Duitsers besig was om te werk toe die oorlog geëindig het. Dit word genoem die XXVI en is die eerste suiwere ondersese vaartuig wat nog ooit gebou is.** Hy kan vir lang ente aaneen onder die water vaar sonder 'n snorkel-instrument om lug na sy enjin te pomp, deur dat hy 'n nuwe soort enjin het waarin hidroperoxied gebruik word om die brandstof te oksideer. **Hy kan teen 'n volle snelheid op sy maksimumdiepte vaar. Hoewel die Verenigde State weet hoe hy werk, het hy nooit een in die hande gekry nie. Die Russe het die hele spul verower met genoeg onderdele om 75 XXVI's te bou, en genoeg Duitse wetenskaplikes en duikbootmanne om hulle te wys hoe om hulle te gebruik."**

**UITGELEWER**

Tot sover Time. Die sin „ongelukkig het die Russe ook die Duitse XXI na die oorlog in hande gekry" gee nie 'n suiwere beeld van die toestand nie. **Daar was geen ongeluk nie. Dit was vooraf deur Roosevelt en Churchill met Stalin so ooreengekom dat laasgenoemde daardie deel van Duitsland sou kry waar die Duitse duikbootwerwe geleë is. Toe die Amerikaners oor die onverdedigde Duitsland gestroom het, het die Duitse leër aan die Oosfront die voortmars van die Russe teengehou ten einde die Weste 'n kans te gee om soveel van Duitsland as moontlik te beset. Hierdie kans het die Weste met 'n hoongelag verwerp toe hulle hul troepe teruggetrek het uit gebiede wat reeds deur hulle verower was. Stalin het sy Duikbootoes saam met die wetenskaplikes rustig ingesamel as beloning vir sy aandeel in die „demokratisering" van Duitsland.**

Kotzé

Kan met trots aanspraak maak dat sy kliënte onder die bes geklede klasse tel.

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD

# HOE VYANDSKAP TEEN O.B.-LEDE BEHOU WORD

**Vóór 1941 het die lidmaatskapsklousule van die H.N.P. van Kaapland soos volg gelui:**

„Ons verklaar hierby dat ons die uitgesproke beginsels van die H.N.P. of V. omhels en sal handhaaf en verbind ons uit vrye beweging en opregtelik om die verpligtings aan die lidmaatskap van die H.N.P. of V. van Kaapland verbonde, volgens konstitusie, getrou na te kom en ons te onderwerp aan die gesag en tug van die organisasie."

Vroeg in 1941 is die volgende klousule in die konstitusie gevoeg:

„Op politieke terrein eis die Party die onverdeelde trou van al sy lede. **Lidmaatskap van die Party moet daarom beskou word as onverenigbaar te wees met lidmaatskap van enige ander politieke party of van enige ander organisasie met 'n politieke strekking** wat deur die die Kongres, of deur die Hoofraad handelende namens die Kongres, verklaar word as in stryd te wees met die beginsels of met die belange van die Party as 'n vrye en onafhanklike politieke liggaam."

Op 3 Oktober 1941 het dr. D. F. Malan, hoofleier van die H.N.P., die O.B. tot 'n politieke organisasie verklaar en die lede van sy party gevra om uit die O.B. te bedank.

## UITGESKOP

In 1944 staan die volgende addisionele verklaring onderaan die gewone lidmaatskapsverklaring in die konstitusie van die H.N.P.:

**„Ons verklaar verder dat ons nie lid is van enige ander politieke party of van enige organisasie met 'n strekking nie."**

**In Junie 1945 het die partyleiding alle O.B.-lede wat ten spyte van laasgenoemde verklaring, nog lede van die H.N.P. was uit die party geskop.**

In 1948 is dieselfde verklaring weer deur die party se kongres in die konstitusie van die party opgeneem **en in 1949 het die partyleiding geweier om A.P.-kandidate wat ook O.B.-lede is te ondersteun in die provinsiale verkiesing. En hulle het geweier ooreenkomstig hierdie verklaring en op grond van die betrokke kandidate se O.B.-skap, wat beteken dat hulle lede is van 'n organisasie met 'n politieke strekking.**

**Op hierdie maniere het die H.N.P.-leiding gebruik gemaak van die diskriminasie-klousule in die party se konstitusie om teen O.B.-lede op te tree.**

## A.P. SE VERKLARING

Die Afrikanerparty se verklaring van lidmaatskap lui soos volg:

„Ek verklaar hiermee plegtiglik dat ek die beginsels van die A.P. aanvaar en na die beste van my vermoë sal uitleef, dat ek hiermee by die Party aansluit en dat ek my onderwerp aan die bepalings van die konstitusie en verkiesingstatute en die besluite van die organe van die Party."

Ooreenkomstig hierdie verklaring van lidmaatskap het mnr. N. C. Havenga, die A.P.-leier, O.B.-lede uitgenooi om by sy party aan te sluit **„met behoud van hul non-partypolitieke identiteit," d.w.s. met behoud van hul O.B.-skap.**

## NUWE PARTY

Die konstitusie van die nuwe Nasionale Party bepaal addisioneel tot die gewone verklaring van lidmaatskap:

**„Ek verklaar verder dat ek nie lid is van enige ander politieke party of organisasie met 'n politieke strekking nie."**

**Dit beteken dat die H.N.P.-leiding, met behulp van hierdie diskriminasie-klousule, hul vyandskap teen O.B.-lede tot in die nuwe samesmeltingsparty gaan dra — en blykbaar is mnr. N. C. Havenga, die A.P.-leier, onmagtig of onverskillig om dit te belet.**

# MOOI VERGADERING OP WELLINGTON

**Die O.B.-kommando's van Wellington het verlede Saterdagaand 'n baie gesellige en geslaagde braaivleisfunksie gehou op die plaas Houtbaai van die kommandant, mnr. Krisjan du Toit. 'n Paar honderd O.B.-lede en belangstellende vriende het nie alleen die heerlike vleis en wors terdeë geniet nie, maar boweal die klinkende toespraak van dr. F. D. du T. van Zyl, Kaaplandse leier van die Ossewabrandwag, waardeer.**

Mnr. Du Toit het sy blydskap uitgespreek oor dr. Van Zyl se teenwoordigheid. Daar is baie sake wat die belangstelling van O.B.-lede op hierdie stadium gaande maak en almal is gretig om leiding te kry van ons leier hier in Kaapland en sien derhalwe uit om sy boodskap te hoor.

Hy het sy spyt uitgespreek oor die siekte van sowel die K.G. as die A.K.G. Gelukkig verneem hy dat dit nie ernstig is nie en dat die leiers albei sal kan deelneem aan die belangrike O.B.-beraadslagings wat binnekort gehou gaan word. Hy wens die leiers 'n spoedige herstel toe en boonop baie vrugbare beraadslagings.

Die kommandant het gesê dat een van sy veldkornette, mnr. Danie van der Westhuyzen, ongelukkig vanaand afwesig is omdat hy in die hospitaal is om 'n operasie te ondergaan. Sy eie en die hele kommando se goeie wense vir volkome herstel is met hom en sy familie.

## REPUBLIKEINSE IDEAAL

Dit is vanaand die viering van die dertiende verjaardag van die O.B. Mnr. Du Toit het gesê dat hy as kommandant elke lid van sy kommando wil bedank vir die steun wat hy van hulle in die afgelope jaar ontvang het. In die besonder wil hy die kommandante, mev. J. F. Retief, bedank vir haar altyd gewillige hulp en ondersteuning. Sonder die bystand van die vroue verwag hy niks.

Rondom die Ossewaentjies het die Afrikanervolk, dertien jaar gelede, opnuut die republikeinse ideaal aanvaar, het die kommandant gesê. En dit is vir daardie ideaal dat die O.B. vandag nog veg. **In 1900 was republikanisme goed genoeg om voor te sterwe, in 1938 het 'n volk daaroor ontwaak en in 1947 het 'n opposisieleier in die parlement 'n mosie vir 'n republiek voorgestel. As die republiek dan nog altyd goed was, dan is hy mos vandag ook nog goed. Miskien is dit juis vandag die Godgegewe oomblik om hom te kry. Dit glo die O.B., en daarom sit ons die republikeinse stryd van die verlede voort, het mnr. Du Toit besluit.**

## DR. VAN ZYL

Die bedankingswoord is deur mnr. Koos Malan uitgespreek. Hy het hulde gebring aan dr. Van Zyl. Dr. Van Zyl, het hy gesê, is 'n man wat sy kosbare tyd en groot gawes tot beskikking van die O.B. stel, terwyl hy weet dat die O.B. hom geen gesogte beloning of posisie kan aanbied nie. Waarom doen hy dit? Omdat hy handel volgens sy eerlike oortuiging dat hy die beste nastreef vir sy volk. Dit is daarom dat hy die vertroue en respek van elke O.B.-lid geniet.

**Hy en die O.B., het mnr. Malan gesê, staan nog by daardie koers waaroor die hele Afrikanervolk dit eens geword het in 1941 en wat nog steeds die enigste grondslag is waarop ons volk sy eenheid en sy bestemming kan bereik.**

Mnr. Malan het gesê dat hy namens die O.B.-lede van Wellington 'n woordjie van dank aan kommandant Du Toit wil rig. Hy wil waardering uitspreek teenoor die kommandant nie alleen vir die suksesvolle wyse waarop hy hierdie funksie georganiseer het nie, maar boweal vir sy ywer en trou in belang van die O.B. en vir die kragtige leiding wat hy voortdurend aan die kommando gee.

Eerw. J. M. N. Breedt het die vergadering met gebed geopen en die verrigtinge is afgesluit met die sing van Die Stem.

# GESELLIGE BYEENKOMS OP CALEDON

**Verlede Saterdagaand het die kommando van Caledon 'n gesellige braaivleisaand gehou op Hammansdal, die plaas van die kommandant, mnr. Faan Delport. Die hoofkommandant, mnr. Kootjie Viljoen het voorgesit by die vergadering wat toegespreek is deur mnr. W. R. Laubscher, voorligtingsoffisier in Kaapland.**

Mnr. Laubscher het gesê dat die leier van die Afrikanerparty die O.B.-lede wat by die A.P. aangesluit het en getroue lede van die party was, in die steek gelaat het, toe hy, waarskynlik op aandrang van dr. Malan, onderneem het om die H.N.P. se diskriminasie-klousule op te neem in die konstitusie van die voorgenome samestellingsparty. Die angel van die diskriminasie is dat die nuwe party nou doelbewus Afrikaners gaan uitsluit wat nog steeds die afskeidingsideaal uit die Britse Empire en Statebond huldig en wat streef na 'n republiek buitekant die Britse statebond. Lede van die republikeinse O.B. kan vanselfsprekend by geen party aansluit wat hom beywer vir die handhawing van die Britse konneksie nie.

Die vroue van die kommando het heerlike geregte bedien en die O.B.-lede het 'n genotvolle aand deurgebring, waarvoor hoofkomdt. Viljoen ook passend die dank van almal aan mnr. en mev. Delport uitgespreek het.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# O.B. Se Houding Oor Diskriminasie

(Vervolg van bladsy 1, kolom 5)

**die meerderheid van hulle sal onder dié omstandighede nie ongelukkig voel nie.**

## O.B. SE IDEALE

Sover dit die O.B. se organisasie betref kan spr. net sê dat die uitvoerende raad van die Grootraad op 18 Augustus vergader om te besluit wat gedoen moet word in die huidige omstandighede. Die besluit kan vanselfsprekend nie vooruit geloop word nie, maar spr. wil nietemin 'n ontleding van die O.B. se strewe gee. **Die O.B. en sy lede sien die grootste heil van ons volk in 'n staatstelsel wat sonder partye is, soos dit die geval was in die Transvaalse Republiek waar by wyse van wetgewing nie toegelaat was dat mense hulle in politieke partye organiseer vir verkiesingsdoeleindes nie. Dit was 'n baie heilsame stelsel.**

## KANDIDATE

**In die tweede plaas is die O.B. daarvan oortuig dat net 'n republiek ooit die Engelssprekende en die Afrikaner in ons land sal saambind.** Daarbenewens word gevoel dat dit feitlik onmoontlik is om hierdie oogmerke binne die raamwerk van die partypolitiek te bereik, en die O.B. het geen rede om vandag anders daaroor te dink nie. Daarom glo spr. nie dat die O.B. self kandidate sal gaan stel nie, want dit bots met die geskiedenis van die O.B. **Maar dit wil glad nie sê dat die O.B. nie sy ondersteuning sal toesê aan organisasies of persone wat bereid is om tot die parlementêre terrein toe te tree ter bereiking van hierdie ideale nie.** Die O.B. soek na hulp om sy doelstellings uit te voer en hy smag na die stigting van 'n republiek. Die O.B. is die mees konsekwente draer van die republikeinse ideaal en het nog nooit daaroor geswyg nie. Tydens die oorlog het hy daarvoor gely en vandag nog word teen hom gediskrimineer omdat hy die volk voorberei vir die republiek. As draer dus van die republikeinse ideaal kan die O.B. nie anders nie as om wanneer daar maar die minste hulp kom vir 'n republiek deur middel van parlementêre optrede sy steun daaraan toe te sê nie.

## REBELLIE VERHAAS

**Wat was die rede dat die leiers besluit het om die diskriminasie-klousule in te voeg? Hulle is bang vir pressie deurdat daar mense mag inkom wat getrou sal wees aan 'n politieke organisasie met ander ideale. Maar daar is baie Afrikaners in die geledere van die H.N.P. wat net sulke oortuigde republikeine as ons is. Indien die republiek nie in die party gepropageer word nie, sal daar rebelle in sy geledere ontstaan, diskriminasie of nie. Maar die diskriminasie-klousule gaan nou juis die uitwerking hê om die rebelle te verhaas omdat daardie republikeine wat ontevrede is nou weet daar is republikeine buitekant die party waar hulle om hulp kan gaan aanklop.**

## ONTBINDING

Die vraag kan ook gestel word of dit nie maar beter is dat die O.B. ontbind nie. Dan verdwyn alle diskriminasie mos. Daar is geen organisasie wat te goed is om te verdwyn nie, **mits natuurlik die beginsels waarvoor hy staan, bly voortlewe.** As die koringkorrel moet sterf om 'n ryker oes te lewer, dan kan niemand beswaar daarteen hê nie. Die O.B. sal dus sekerlik te vinde wees om van die toneel te verdwyn, **maar alleen indien hy die waarborg het dat die dinge waarvoor hy staan — die republiek buitekant die Britse statebond — op dieselfde wyse deur 'n ander organisasie nagestrewe sal word.**

Indien hierdie ideaal in die nuwe party opgeneem sou word, **en wel op die grondslag van die republikeinse konsepgrondwet van 1941,** waaroor alle Afrikanerorganisasies dit eens was, en die versekering is daar dat dit met alle mag nagestreef sou word, sal spr. geen beswaar hê om aan te beveel dat die Ossewabrandwag moet verdwyn nie.

Die Afrikanervolk was al dikwels verdeel oor beginsels en oor prosedure, maar onder watter vaandel het hy die grootste mate van eenheid in sy geskiedenis gevind? **Was dit nie onder die vaandel van republikanisme in 1941 nie? Vra ons dan te veel as ons vra dat die Afrikaner mekaar weer onder hierdie vaandel moet vind? het dr. Van Zyl besluit.**

# VERJAARDAGVIERING

Die amptelike verjaardagviering van ons Kommandant-generaal en die Ossewabrandwag, word vanjaar te Lichtenburg gehou, op Saterdag, 8 September 1951, vanaf 3 nm.

Tussen 2- en 3-uur nm. vertrek ons in groepe vanaf die Afrikaanse Koffiehuis, Scholtzstraat, Lichtenburg, na die feesterrein. Sorg dat u voor 3-uur nm. daar aankom.

Alle belanghebbendes word hartlik uitgenooi na die feesviering.

Daar sal volop skaapvleis, wors en lekker Boeregeregte te koop aangebied word.

**PROGRAM:**

4 nm.: Ontvangs van ons K.G. en mev. Van Rensburg. Vlaghysing. Skriflesing en gebed. Verwelkoming H/G. K. J. H. Behrens.

4.30 nm.: Gesellige verkeer — Verkope, ens.

6.30—7 nm.: Aandete.

7 nm.: Oorhandiging van verjaardaggeskenke en adres aan ons K.G. en mev. Van Rensburg: H/G. D. J. van Rooy, voorsitter van Grootraad.

7.30 nm.: Toespraak genl. Petrus Grobbelaar.

8.15 nm.: Toespraak Kommandant-generaal.

**Kom Seker en Kom Vroeg!**